| LAERSKOOL<br>DOELGERIG<br>TYGERPOORT<br><br>BELEID EN PROSEDURE: BESTUUR VAN DIE LAERSKOOL TYGERPOORT | GOEDGEKEUR:<br><br>Beheerliggaam: Voorsitter<br><br>Beheerliggaam: Akademie<br><br>Hoof | 27/07/2026<br>Datum<br><br>*Hersien: Desember 2025* |
|---|---|---|

**LEIERSTELSEL**

## 1. DOEL

Hierdie stelsel het ten doel om al die graad 7-leerders die geleentheid te bied om leierskapsvaardighede te kweek en te ontwikkel. Die stelsel spoor hulle aan tot goeie gedrag en die uitleef van die skool se waardes.

## 2. PROSEDURE

Gedurende die begin van die 4de kwartaal word al die graad 6-leerders deur die leiervoogde onder leiding van die graad 6-personeel in vier groepe verdeel. Die verdeling word so gedoen dat al 4 groepe ewe sterk is ten opsigte van leierskap. (Ewe veel sterk en minder sterk leiers word in die onderskeie groepe geplaas).

## 3. LEIERRAAD (KWARTAAL 1 EN -2)

3.1 Gedurende kwartaal 1 en -2 kry al die graad 7-leerders die geleentheid om op die Leierraad te dien. Die dienstydperk duur die helfte van 'n kwartaal, sodat twee groepe per kwartaal geakkommodeer kan word. Kwartaal 1 se groep 1-leiers moet aan die einde van die graad 6-jaar bepaal word, sodat hulle op die eerste skooldag reeds van hulp kan wees.

3.2 Uit elke groep sal 2 voorsitters (seun en dogter) en 2 ondervoorsitters (seun en dogter) verkies word deur 'n elektroniese stemming.

## 4. TYGIERAAD (KWARTAAL 3 EN -4)

4.1 Aan die einde van die tweede kwartaal word 'n Tygieraad deur die hele graad 7-groep, asook die graad 5 tot 7-personeel, verkies.

4.2 'n Kieslys word saamgestel waaruit die Tygieraad verkies word. 'n Leerder moet aan die volgende kriteria voldoen om op die kieslys te verskyn:

- 'n Minimum kwartaalgemiddeld van 55% in kwartaal 1 en -2 behaal,
- Nie meer as 'n totaal van 6 debietpunte in kwartaal 3 en 4 in graad 6 ontvang het nie,
- 6+ kredietpunte* verwerf het in kwartaal 3 en -4 (graad 6),
- 9+ kredietpunte* verwerf het in kwartaal 1 en -2 (graad 7),
- Nie meer as 10 debietinskrywings (ongeag die graad van oortreding) gedurende kwartaal 1 en -2 in graad 7 ontvang het nie,

- Wanneer die leerder in graad 6 voor 'n dissiplinêre verhoor moet verskyn en skuldig bevind word, sal die leerder se naam nie op die stemlys verskyn nie en dus nie vir die Tygieraad oorweeg word nie. (In uitsonderlike gevalle mag die graad 6-voogde en leiervoogde skriftelike versoeke rig aan die hoof en die Beheerliggaam vir versagtende omstandighede sodat 'n leerder wel op die kieserslys geplaas word)
- Mag nie 'n enkele debietinskrywing van -3 of hoër begaan nie (in graad 7), en
- Nie van die Leierraad geskors wees nie (sien punt 9).
- Hierdie bogenoemde aspekte sal vroegtydig voor die begin van hul termyn duidelik deur die leiervoogde aan hulle gekommunikeer word.
- Indien 'n leerder nie gedurende sy/haar graad 6-jaar, asook kwartaal 1 in Laerskool Tygerpoort was nie, sal die vorige skool se dissiplinêre status gebruik word om te bepaal of sy/hy aan die kriteria vir die stemlys voldoen.

* Indien daar omstandighede buite die skool se beheer is wat veroorsaak dat daar nie geleentheid is om kredietpunte bymekaar te maak nie (soos inperkings), sal 'n gemiddeld uitgewerk word van al die kredietpunte vir die hele groep en dan as minimum gebruik word waaraan 'n leerder moet voldoen.

4.3 Die aantal Tygieraadslede word bepaal deur die aantal voogklasse vir die gegewe jaar, wat die 6 hoofleiers uitsluit. Daar moet een Tygieraadslid vir elke klas wees. Die aantal Tygieraadslede word uitgewerk as 30% van die aantal leerders in graad 7. Die aantal seuns en dogters word onderskeidelik uitgewerk in verhouding tot hul getalle.

4.4 Uit die Tygieraad sal 'n hoofseun, hoofdogter, twee onderhoofseuns en twee onderhoofdogters aangewys word.

## 5. VERKIESINGSPROSEDURES

5.1 Die leiervoogde sal die beleid vooraf met die leerders kommunikeer. 'n Skakel tot die beleid sal ook elke stemlys vergesel.

5.2. Alle verkiesings geskied deur middel van 'n elektroniese stemproses, twee weke voor die nuwe groep in diens tree. 'n Geslote stemming vind plaas en die leerder se stemme tel 40%.

5.3 Onderwysers het 'n aparte vorm wat ook elektronies gestuur word en onderwyserstemme tel 60%. Beide stemlyste word deur Excel verwerk.

5.4 'n Minimum van 75% van die graad 7-leerders en 75% van die akademiese personeel (personeel in die ISF wat die leerders ken) se stemme moet uitgebring word, voordat die resultate verwerk word. Dit sal meebring dat daar voldoende stemme is. Personeelstemming sal tydens 'n personeelvergadering geskied en die leiervoogde sal vooraf die kriteria deurgee.

5.5 Die gewigswaardes per individuele stem is as volg:
a. 'n Voorsitter of hoofseun of -dogterstem tel 3 stemme,
b. 'n Ondervoorsitter of onderhoofseun of -dogterstem tel 2 stemme en
c. 'n Tygieraadstem tel 1 stem.

5.6 Die ses seuns en ses dogters met die meeste stemme (potensiële hoofleiers) word na 'n informele onderhoud uitgenooi wat deur 'n paneel behartig word. Al die kandidate word dieselfde vrae gevra waaraan 'n punt gekoppel word. Die paneel bestaan uit:
- Leiervoogde
- Bestuurshoof: Dissipline
- Adjunkhoof
- Hoof

5.7 Die paneel behou die reg voor om, op grond van die onderhoude, die hoofleiers aan te wys. Elke leerder word dan bepunt na afloop van die onderhoud en 'n gemiddelde persentasie van die paneel word uitgewerk. 'n Paneelbespreking sal na afloop van die onderhoude geskied om konsensus oor die puntetoekenning te verkry. Die onderhoud dra 'n 40% gewigswaarde en word saam met die reeds verwerkte stemme getel om uiteindelik die hoofleiers te bepaal.

## 6. PLIGTE: LEIER- EN TYGIERAAD

Verwys na Leier- en Tygieraadboeke.

## 7. LEIEROPLEIDING

7.1 Daar sal deurgaans opleiding en mentorskap aan die Leier- en Tygieraad verskaf word. Die leiervoogde sal vooraf begroot vir opleiding.

7.2 Elke Tygieraadslid onderteken 'n gedragskode en word seremonieel tydens 'n saalopening ingehuldig.

7.3 Die Tygieraad sal daarvoor verantwoordelik wees om een projek van diensbaarheid gedurende hul termyn uit te voer. Die leiervoogde sal vooraf begroot vir hierdie projek.

## 8. BALKIES

8.1 Die leiers ontvang elk 'n balkie om hulle uit te ken. Die Leierraad moet hul balkies aan die einde van hul termyn aan die leiervoog terugbesorg. Verlore of beskadigde balkies word teen kosprys vervang en word by die finansiële kantoor inbetaal.

8.2 Die voorsitters en ondervoorsitters, asook Tygieraad hou hul balkies.

## 9. ONTHEFFING VAN PLIGTE EN INSKRYWINGS (LEIER- EN/OF TYGIERAAD)

9.1 Wanneer die leerder detensie moet sit. Die hoof van dissipline sal die waarskuwingsbriewe van die graad 7-leerders aan die leiervoogde oorhandig vir kontroledoeleindes.

9.2 Indien 'n leerder 'n dissiplinêre verhoor ondergaan of ondersoek word, word hy/sy van sy/haar pligte onthef totdat hy/sy onskuldig bevind word. Die leerder mag nie sy/haar balkie dra vir die tydperk nie.

9.3 Wanneer die leerder die skool se dissiplinêre kode oortree en 'n debietinskrywing van -3 of hoër ontvang.

9.4 Wanneer die leerder drie keer nie sy verantwoordelikhede nakom nie en afwesig is by sy/haar dienspunte. 'n Inskrywing word telkens gegee.

9.5 Indien daar bevind word dat 'n Leier- of Tygieraadslid van sy/haar pligte onthef moet word, sal dit as volg geskied:

9.5.1 Die leiervoogde sal eers met die betrokke leerder in gesprek tree.

9.5.2 Die leerder se balkie sal geneem word, 'n sertifikaat van verdienste word uitgereik gedateer met die datum van ontheffing, maar word eers aan die einde van die jaar oorhandig.

9.5.3 Die leerder se ouer word skriftelik van die ontheffing in kennis gestel.

## 10. Erkenning

10.1 Tygieraadslede ontvang 'n sertifikaat van erkenning aan die einde van die jaar, asook 'n inskrywing in hul profiele wat aandui dat hul as sodanig gedien het.